Geskryf Deur::

Henry Nel

Thyme Laan 120,

Annlin, Pretoria

0182

Tel. 0829318143

E Pos: henrynel001@gmail.com

Kopiereg Voorbehou


2024



LEWENDE WATERS · LIVING WATERS

# Lewende Waters Gemeente

## Groei in Christus!




# Lê 'n Onwankelbare Fondasie!

C2.

## Herbou Sy Huis!

# KEN GOD

# LÊ 'N ONWANKELBARE FONDASIE (C2)

# KEN GOD!

## 1. Jesus - Die Rots (fondasie) wat die wêreldse koninkryke verpletter het!

In **Matt. 16:18** het Jesus aan ons die belofte gegee dat die duiwel nooit Sy kerk sal kan oorwin of Sy kerk se vooruitgang sal kan stuit nie: **"En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots** (fondasie) **sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."** Hierdie woorde van Jesus is 'n vervulling van die droom wat Nebukadnésar gehad het, jare voor Jesus se geboorte.

In **Dan. 2:27-29 en 31-45** lê Daniël hierdie droom uit: **"Daniël het in teenwoordigheid van die koning geantwoord en gesê: Die geheim waarna die koning vra, kan die wyse manne, die besweerders, die geleerdes, die waarsêers nie aan die koning te kenne gee nie. Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat aan die einde van die dae <u>sal gebeur</u>. U droom en die gesigte van u hoof op u bed**



lewe sal geskied en dat Sy Koninkryk op die aarde sal kom soos dit ook in die hemel is.

As Jesus dit gebid het en so intens tyd met God deurgebring het, wie is ons om te dink dat ons op eie krag in hierdie onwankelbare Koninkryk sal kan funksioneer?

Ons lewe is in Christus verborge! Net soos Hy in die wêreld uitgestuur was om God se Koninkryk op aarde uit te bou, word ons ook gestuur, om dit te doen. Niks behoort ons terug te hou of te keer om dit te doen nie, aangesien ons lewe ná bekering op die ROTS is wat die wêreld se stelsels ten volle oorwin het.

**julle, die Seun kan niks uit Homself doen TENSY Hy die Vader dit sien doen nie. Want ALLES wat Hý doen, dit doen die Seun ook net so. Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en My oordeel is regverdig, omdat Ek nie My WIL SOEK NIE, maar die wil van die Vader wat My gestuur het".**

Jesus hou hierdie GESAG in stand deur Sy intieme verhouding met Sy Hemelse Vader. In **Mark. 1:35** sien ons hoe Jesus na 'n vol dag se bediening eers tyd in gebed gaan deurbring: **"En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid."** Toe almal na Hom soek (**vers 37),** was Sy antwoord dat Hy ook hierdie Goeie Boodskap eers aan ander mense moet gaan verkondig (**Mark.1: 38).**

Net so vind ons Hom in **Mark. 6:30-50** weereens na 'n dag se harde werk, eers in gebed tot God. Uit hierdie feite blyk dit dat Hy tussen **6** en **8** ure tyd op die berg in gebed deurgebring het. Die resultaat hiervan is dat Hy op die water loop en selfs die Natuurkragte geen effek op Hom het nie. Duisende mense het by hierdie geleentheid na 'n afgeleë plek gekom omdat Jesus daar teenwoordig was. Sy krag was 'n uitvloeisel van die teenwoordigheid van God se regeringskap in Hom, wat Hy gedurig deur Sy intieme verhouding met God in stand gehou het. In **Matt. 7: 21** vermaan Jesus ons: **"Nie elkeen wat vir My sê: Here Here! sal ingaan in die Koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die WIL DOEN van My Vader wat in die hemele is."** Daarom moet ons elke dag bid sodat God se wil in ons



**was dit: Wat u betref, o koning, u gedagtes op u bed het opgestyg oor wat hierna sal gebeur, en die Openbaarder van die geheime het u bekend gemaak wat sal gebeur. U, o koning, het 'n gesig gehad—kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei. U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het. Dit is die droom; sy uitlegging sal ons nou voor die koning sê: U, o koning, koning van die konings, aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het, en in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld die mensekinders, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het—ú is die**

**hoof van goud. En ná u sal daar 'n <u>ander koninkryk</u> opstaan, geringer as dié van u; daarna 'n ander, 'n <u>derde koninkryk</u>, van koper, wat oor die hele aarde sal heers; en die <u>vierde koninkryk</u> sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis. En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was—dit sal 'n <u>verdeelde koninkryk</u> wees, en van die hardheid van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het. En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is—'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees. Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het—hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie. Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel '<u>n koninkryk verwek</u> <u>*wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie*</u><u>; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan</u>— net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande <u>'n klip</u> van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die**



Deur Jesus se oorwinning op Golgota, het Hy elkeen wat in Hom glo, uitgehaal uit die sisteem van die wêreld en reeds oorgebring in Sy Kragtige Koninkryk.

Die feit dat God se Heilige Gees na ons bekering in ons kom woon, maak dat ons die Koninkryk van God (die plek waar God regeer) word. Daarom sê Jesus vir die Fariseërs in **Luk. 17:20-21**: **"...Die Koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of Kyk daar! nie; want die Koninkryk van God is BINNE-IN julle".**

Die GESAG waarin Jesus opgetree het, was 'n uitvloeisel van God se direkte teenwoordigheid in Hom. Daarom kan ons ook in hierdie voorbeeld volg. Dieselfde gesag behoort aan ons omdat dieselfde Heilige Gees ook nou in ons woon. Die Woord bevestig dit aan ons in **Luk. 9:1-2: "En Hy het Sy twaalf dissipels saamgeroep en aan hulle MAG en GESAG gegee oor die duiwels en om siektes te genees. En Hy het hulle uitgestuur om die Koninkryk van God te verkondig en die siekes gesond te maak".**

## 5. Die Instandhouding van hierdie gesag

Alhoewel Jesus God is, was Hy ook volkome mens. Dit het daartoe aanleiding gegee dat Hy voortdurend gekonfronteer was met die beginsels van die Koninkryk van hierdie wêreld. Om in hierdie gesag te bly optree, moes Jesus voortdurend in God se teenwoordigheid wees.

In **Joh. 5: 19 en 30** sê Jesus self: **"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir**

2. Die koninkryk van die wêreld

En Jesus sê dat Sy Koninkryk geensins verbind is aan die sisteme, bronne en stelsels waarop die wêreld funksioneer nie. Daarom ontvang elke mens wat Jesus se uitnodiging aanvaar om deel van Sy Koninkryk te word, 'n hemelse burgerskap. In **Fil. 3:20** sê Paulus: **"Want ons bur-gerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus".**

Toe ons in Christus geglo het en ons ons harte vir Hom oopgemaak het om in ons te kom woon, het ons 'n Nuwe burgerskap ontvang. Jesus se lewe lok duisende mense elke dag na Hom toe omdat Hy in 'n alles-oortreffende, onwankelbare Koninkryk funksioneer, wat daartoe lei dat Jesus in der waarheid **"UNTOUCHABLE"** was.

Geen stelsel van die <u>wêreldse koninkryk</u> kon enige krag op Hom uitoefen nie. Let op hoe Jesus Pilatus antwoord m.b.t. hierdie dreigement in **Joh. 19:10-11: "...Praat U nie met my nie? Weet U nie dat ek** (die wêreldse koninkryk) **MAG het om U te kruisig en MAG het om U los te laat nie? Jesus antwoord: U** (die koninkryk van die wêreld) **sou GEEN MAG teen My** (die persoon wat in God se Koninkryk is) **hê as dit u nie van BO gegee was nie…"** In **Kol. 1:13** staan: **"Hy wat ons verlos <u>HET</u> uit die MAG van die Duisternis en oorgebring <u>HET</u> in die Koninkryk van die Seun van Sy liefde."** Die woord "oorbring" beteken: "To Transfer/carry away/exchange"



**goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar".**

In **Kol. 2:15** sê Paulus dat Jesus: **"…Die owerhede en magte uitgeklee het en hulle in die openbaar tentoongestel het en daardeur oor hulle getriomfeer het."** Hier verklaar Paulus dat Jesus die duiwel met sy wêreldse koninkryke en hul mag oorwin het en oor hulle geheers het om sodoende die verlies aan heerskappy wat Adam veroorsaak het, ten volle te herstel. By implikasie beteken dit dat elke wedergebore kind van God, se gesag tot heerskappy deur Jesus se offer op Golgota herstel is. Die oomblik wanneer ons sonde in die Naam van Jesus uit die weg geruim is, word ons in Christus Jesus geherposisioneer om deur die krag van die Heilige Gees weer oor die werke van Satan te heers.

In **Jes. 61:1-3** profeteer die profeet Jesaja wat die effek sal wees van die bediening en lewe van die Messias wanneer Hy sou kom: **"Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening**

**van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die HERE en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos; om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking."** Die woorde **"blye boodskap"** word in **Luk. 4:18** in Grieks geskryf met die woorde: **"die evangelie",** wat letterlik beteken die **"GOEIE NUUS"** en ons het reeds gesien dat hierdie "goeie nuus" die boodskap van die koninkryk van God behels en dat Jesus gekom het om ons verlore heerskappy en ons ewige lewe te herstel.

Jesaja sê dat Jesus gesalf is deur die **"Gees van die Here HERE"** om die blye boodskap te bring van redding, verlossing en versoening met God. Maar wat belangrik is, is die feit dat die herstel waarvan **Jesaja** in **hoofstuk 61:1-3** profeteer, nie in Christus alleen eindig nie, maar ná die koms van die Messias voortgesit sal word deur elke wedergebore kind van God. **Vers 3(b) - 4** verklaar: **"...Sodat hulle** (die wat in **verse 1-3** verlos is) **genoem kan word terebinte (bome) van geregtigheid, 'n planting van die Here, TOT SY verheerliking. En HULLE sal die <u>ou puinhope bou</u>, die <u>verwoeste plekke</u> uit vroeër**



kondig het, sê Jesus dat Hy die **"Goeie Nuus"** bring van die **"Plek"** waar God regeer. Jesus was nie net die volmaakte TEMPEL van God nie, maar deur Sy lyding, dood en opstanding gee Hy aan elke mens wat wil, die geleentheid om, net soos Hy, die PLEK te word waar God kan woon en regeer. Die goeie nuus is dat Hy deur Sy offer die skeiding van sonde tussen ons en God weggeneem het en so aan elke mens wat wil, die geleentheid bied om weer die Heilige Gees van God te ontvang. En wanneer die Heilige Gees in ons harte kom woon, dan word ons die "PLEK" waar God regeer.

## 4. Die Rede vir Sy GESAG en Outoriteit

Die hoofrede hoekom Jesus in Sy menslike bediening soveel gesag gehad het, was omdat God self deur Hom regeer het. Jesus het vir ons kom demonstreer hoe 'n *<u>Koninkrykslewe behoort te lyk</u>*! Sy Gesag en outoriteit is die direkte gevolg van die feit dat Hy binne die raamwerk van 'n groter Koninkryk opgetree het as waarin die koninkryk van die wêreld funksioneer.

Daarom sê Hy vir Pilatus in **Joh. 18:36: "My Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as My Koninkryk van hierdie wêreld was, sou My dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is My Koninkryk nie van hier nie".**

Daar is dus twee koninkryke:

1. Die Koninkryk van God

**in Galiléa gekom en die EVANGELIE VAN DIE KONINKRYK VAN GOD verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die Koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die EVANGELIE."** In hierdie woorde van Jesus is daar twee belangrike begrippe wat eers verstaan moet word; nl.:

1. Evangelie
2. Koninkryk van God

As die inhoud van Jesus se boodskap gehandel het oor die Evangelie van die Koninkryk van God, moet ons verstaan wat die "Evangelie" en die "Koninkryk van God" beteken.

**1. Evangelie = Goeie Boodskap**

In konteks beteken dit dat die **"Koningkryk van God"** hierdie goeie boodskap is. Dit is hoekom al die mense in **Luk. 6:18** in die eerste plek na Jesus gekom het. Hulle het na Hom gekom om "<u>Hom te hoor.</u>" Hulle wou die Goeie Nuus van God se Koninkryk hoor, wat nou "naby - binne die bereik" van elke mens gekom het.

**2. Koninkryk = a. Koning**

**b. Ryk**

Die Engelse woord is: **"Kingdom"** wat afgelei is van **"King"** en **"dominion"**. Die domein of ryk van 'n koning verwys na die <u>PLEK</u> waar die Koning regeer. Wanneer die Bybel van die Koninkryk van God praat, dan bedoel dit die PLEK waar God regeer en heerskappy voer.

As Jesus dan die Evangelie van die Koninkryk van God kom ver-



**dae weer oprig en die <u>verwoeste stede</u> weer nuut maak wat verwoes was van geslag tot geslag".**

Hier vind ons God se doel met Sy kerk. Elkeen wat deur Jesus herstel word sal opsigself 'n hersteller word van alles wat deur die sondeval vernietig is. In **Matt. 10:1** roep Jesus Sy twaalf Apostels en Hy gee aan hulle MAG OM DIE ONREINE GEESTE UIT TE DRYF, om SIEKES GESOND TE MAAK en ELKE KWAAL te genees. Dit is duidelik dat Jesus Sy volgelinge toebedeel het met die nodige krag om in **<u>Sy Naam</u>** oor Satan en sy werke te heers. Niks kan Jesus se kerk keer nie, omdat Sy kerk gegrondves is op 'n onwankelbare ROTS (fondasie). Dit is om hierdie rede waarom Jesus vir Petrus sê: **"...Op hierdie ROTS sal Ek My gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie"**.

In **Dan. 2:35** staan: **" ....maar <u>die klip</u> wat die beeld getref het, het 'n <u>groot rots</u> geword wat die HELE AARDE sal vul."** <u>Let op</u>: Dit is die "KLIP" wat die beeld (wêreldse koninkryke) getref het en dit vernietig en dan word die "KLIP" 'n rots wat die hele aarde sal vul. Uit hierdie openbaring, blyk dit dat die klip (verwysende na Jesus se vleeswording) in grootte toeneem nadat dit die wêreld uitgeklee het. Dit is duidelik dat God se koninkryk in krag en grootte sal toeneem na

Jesus se oorwinning en dat Hy Sy kerk op die "ROTS" in hierdie proses gaan gebruik. Dit is waarom Jesus in Sy finale opdrag aan Sy dissipels in **Mark. 16:15-18** sê: **"En Hy het vir hulle gesê: Gaan die <u>hele wêreld</u> in en verkondig <u>die evangelie aan die ganse mensdom</u>. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: <u>in my Naam</u> sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word."** Ook sê Jesus in **Joh. 17:18**: **"Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur".**

Die uitreiking van die kerk van Jesus na die verlore wêreld, bewerk 'n alles oortreffende oorwinning en die uitbouing van God se onwankelbare koninkryk. Paulus skryf in **Rom. 8:37** *dat ons meer as oorwinnaars geword het deur Jesus wat ons liefgehad het*. Vir ons om hierdie geestelike waarheid onverskrokke te glo, moet ons onsself vergewis van Jesus se voorbeeld sodat ons kan verstaan waarom Hy die enigste fondasie is. In **1 Pet. 2:21** lees ons: **"Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n VOOR-**



Met hierdie voorbeeld daag Jesus elke Christen uit om opnuut weer op te tree met <u>dieselfde outoriteit</u> as waarmee Hy opgetree het, omdat Hy ons met God versoen het en die gesag wat Adam eens verloor het, aan ons terugbesorg het. Christus is ons fondasie en niemand kan 'n ander fondasie lê as wat Hy gelê het nie. Hy oorwin die Satan en die dood en vergeef ons ons sonde. Verder het Hy ons weer met God versoen en ons verhouding met God herstel sodat ons opnuut weer, soos Jesus, 'n mens kan word waardeur God met Sy koninkryksgesag kan regeer. Hy ontbind die krag van die dood en gee aan ons die ewige lewe wat Adam en Eva verbeur het. Ons kan op geen ander fondasie bou as op die ROTS Jesus Christus nie en God verwag van Sy kerk om op hierdie fondasie van Jesus voort te bou.

## 3. **Die gesag waarin Jesus bedien het.**

Ons het reeds gesien dat dit Jesus se gesag was wat Hom onderskei het van Sy tydgenote. Ons het ook gesien dat letterlik duisende mense Hom daagliks gevolg het **(Luk. 6:17-19)** omdat Hy 'n reputasie van krag gehad het om almal te help. As die outoriteit waarin Hy dan bedien het die deurslaggewende faktor was wat die skares gelok en bereik het, is die volgende vraag wat ons moet beantwoord: **<u>Waarvandaan het Hy (as Mens) hierdie ongekende gesag bekom</u>?**

Ons vind die antwoord op hierdie vraag in Jesus se openingsboodskap in **Mark. 1:14-15: "En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus**

Met hierdie gebeurtenis stel Jesus vir ons die voorbeeld hoe ons bediening behoort te lyk as ons 'n impak in mense se lewens wil maak. Die effek van hierdie gerug was so groot dat **vers 32** verklaar dat die hele stad teen sonsondergang voor die deur van die huis op Jesus gewag het om deur Hom bedien te word. Hieruit blyk dit dat die beste evangelisasiestrategie die teenwoordigheid van God se gesag in ons lewe is. Jesus lê vir ons 'n vaste fondasie van oorwinning oor die bose werke van Satan.

Dit word bevestig in **Luk. 6:17-19** by 'n soortgelyke gebeurtenis: **"En Hy het met hulle afgeklim en op 'n gelyk plek gaan staan, en daar was 'n SKARE van Sy dissipels en 'n GROOT MENIGTE van die volk van die Hele Judéa en Jerusalem en die kusstreek van Tirus en Sidon af, wat gekom het:**

1. **Om Hom te hoor en**
2. **Van hulle kwale genees te word; en**
3. **Die wat gekwel was deur onreine geeste, is ook genees.**

**En die HELE SKARE het probeer om Hom aan te raak, OMDAT KRAG van Hom uitgegaan het, en Hy het almal gesond gemaak."** Groot skares mense stroom na Hom toe, omdat Hy 'n reputasie van KRAG en GESAG gehad het waardeur hulle verlos kon raak van hulle ellende. Met al die ellende rondom ons is dit duidelik dat die mense van hierdie eeu net so 'n behoefte aan die teenwoordigheid van God se KRAG het, maar weinig hiervan is by die hedendaagse Christene beskikbaar.



**BEELD nagelaat het, sodat julle SY VOETSTAPPE kan navolg".**

Petrus skryf hierdie woorde omdat dit presies was wat Hy en sy broer Andreas gedoen het toe Jesus hulle langs die see van Galilea geroep het om Hom te volg: **"En terwyl Hy langs die see van Galiléa loop, sien Hy Simon en Andréas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers. En Jesus sê vir hulle: KOM AGTER MY AAN, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word. En dadelik het hulle hul nette laat staan en Hom gevolg" (Mar 1:16-18).**

Petrus en Andreas asook Johannes en Jakobus was die eerste vier disipels wat alles verlaat het om Jesus te volg. Let op die posisie wat Jesus sê hulle moet inneem: "KOM AGTER MY AAN!" Dit is baie duidelik dat elkeen wat besluit om Jesus te volg, in Jesus se voetspore behoort te volg.

- By implikasie beteken dit:

a. Volg waar Jesus lei

b. Loop waar Jesus loop

c. Doen wat Jesus doen

d. Praat wat/soos Jesus praat

e. Wees lief soos Hy lief het

f. Vergewe soos Hy vergewe e.a.

## 2. Hoe lyk Jesus se Voorbeeld?

As ons as Christene dan geroep is om die voorbeeld of voetspore van Jesus te volg, is dit noodsaaklik dat ons sal weet hoe hierdie voorbeeld van Jesus lyk.

In **Mark. 1:14** staan: **"En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die Evangelie van die Koninkryk van God verkondig."** Met hierdie openingsvers van die Nuwe Testament sien ons wat die inhoud van Jesus se boodskap was. Dit het gehandel oor die Evangelie van die Koninkryk van God. Ons het gesien dat Hy van Sy volgelinge verwag om in Sy voetspore te volg en in **vers 21** vind ons Jesus met hierdie eerste vier dissipels op die Sabbat waar Hy na die Sinagoge gaan om hulle met die Woord te bedien: **"En hulle het in Kapérnaüm gekom, en dadelik op die sabbat het Hy in die sinagoge ingegaan en begin leer."** In **vers 22** staan: **"En hulle was verslae oor Sy leer, want Hy het hulle geleer soos een wat GESAG het en nie soos die skrifgeleerdes nie."**

Van die eerste oomblik af dat Jesus begin bedien het, was daar 'n ongekende **gesag/heerskappy** teenwoordig. Hierdie ongekende gesag was die Salwing waarin Hy bedien het en dit was sigbaar vir almal



wat daar teenwoordig was. In **verse 23-26** vind ons die **EFFEK** wat hierdie salwing op die mense by hierdie erediens gehad het: **"En daar was in hulle sinagoge 'n man met 'n onreine gees; en hy het uitgeskreeu en gesê: Hou op! Wat het ons met U te doen, Jesus, Nasaréner? Het U gekom om ons te verdelg? Ek KEN U, wie U is** (duiwels ken Sy identiteit)**: die Heilige van God!"**

Hierdie onreine gees openbaar homself in die teenwoordigheid van Jesus, OMDAT HY die GESAG van God in Christus herken. Wanneer God se Gees teenwoordig is, kan selfs die donkerste duisternis nie verborge bly nie. Voor Christus het hierdie dinge nie gebeur nie. Nooit het iemand duiwels uitgedryf en oor demone geheers en siekes gesond gemaak soos Jesus nie. In **Mark. 2:12** sê die mense: **"...sodat almal verbaas was en God verheerlik en sê: So iets het ons nog nooit gesien nie."** In **Mark. 1:27** sien ons die effek van die gesag waarin Jesus bedien het op die ander gemeentelede: **"En almal was verbaas, sodat hulle onder mekaar vra en sê: Wat is dit? Watter NUWE LEER is dit, dat Hy MET GESAG ook aan die onreine geeste bevel gee en hulle Hom gehoorsaam is?"**

Weereens is dit die GESAG van Jesus wat hulle gedagtes vasgryp. Hulle verwys na hierdie gesag as 'n "Nuwe Leer." Die mense tref 'n onderskeid tussen Jesus en die ander geestelike leiers op grond van die outoriteit waarmee Jesus optree. Dit bring mee dat daar 'n gerug aangaande Sy bediening deur al die streke van die land versprei.